

JUNIE: God se vernuwingsstroos werk deur die Heilige Gees

Dinsdag 11 Junie

Skrifgedeelte: 2 Samuel 23:1-7 (AFR53/2020)

Fokusgedeelte: 1 Samuel 23:5

Geloofsvertroue in die ouderdom

Dawid was in sy ouderdom verswak en van versorging afhanklik (1 Kon. 1). Sy sterfdag was naby. In sulke omstandighede verwag 'n mens woorde wat die agteruitgang van die liggaam, die vinnige verloop van die lewe en die verlies aan invloed en betekenis betreur. Maar in sy laaste woorde praat Dawid nie na die vlees nie, maar deur die Gees. Dit is duidelik: Al was Dawid uiterlik besig om te vergaan, deur die Gees van God is hy innerlik van dag tot dag vernuwe (2 Kor. 6:16).

Daarom is Dawid se laaste woorde positief en vol hoopvolle uitsig. Hy praat deur die Gees met volle vertroue daarvoor dat al sy heil en al sy wense wel in vervulling sal gaan (vs 5). Die grond vir hierdie sekerheid lê in God se verbond met hom wat ewig, vas en seker is. Iemand uit sy nageslag sal vir altyd oor God se volk regeer (2 Sam. 7:16). Dawid sien in die geloof die vrug van hierdie verbond. Hy sien 'n regverdige en godvresende Heerser na vore tree wat 'n nuwe bedeling laat aanbreek. Hierdie nuwe bedeling sal wees soos die aanbreek van die lente.

Wat Dawid oor die horison van die tyd gesien het, is vir ons werklikheid. In sy laaste woorde het Hy profeties op Christus gesien. Daarom kan hy op sy sterfbed roem. Hy roem in die Here en sy genade. Hy is ten volle getroos deur die Gees se versekering dat Hy ingesluit is in God se ewige verbond.

Hierdie genadige troos is ook vir elke gelowige vandag beskikbaar. Die koms en verdienste van Christus laat ons optimisties uitsien na 'n ewige en heerlike toekoms. Al kry ons swaar onder die beproewinge van veroudering, ons weet dat ons getroue God, ons na die dag van aardse stryd sal opneem in sy heerlijkheid.

Sing: Psalm 73-1:1,10

Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)